VAN HUYSSTEENS
COMMERCIAL ATTORNEYS

Our Ref. / Ons Verw:
Your Ref. / U Verw :

De Haviland Crescent No. 5
Torino Suite
Persequor Park, Pretoria
Posbus/PO Box 4806
Pretoria 0001
South Africa

Tel: +27 12 349 2306
Fax: +0866151183
e-mail: commercial@vanhuyssteens.co.za

GEAGTE REDENAARSKOÖRDINEERDER

4 November 2011

VAN HUYSSTEENS ORATORSFEES: 16 – 19 APRIL 2012 - ONVOORBEREID

Algemeen

Van Huyssteens Kommersiële Prokureurs nooi u skool uit om deel te neem aan die Oratorsfees 2012 vir individue en spanne. **Die fees bestaan slegs uit onvoorbereide toesprake.** Per graad en per taal kan 25 spanne en 50 individue deelneem. Behalwe Afrikaans (16/04/12) en Engels (17/04/12) is daar ook 'n tweetalige groepering (18/04/12).

Deelname is maklik, behalwe afronding oor hoe om binne 'n beperkte tyd na te vors, beredeneerde punte saam te vat en laastens hoe om dit oor te dra, is daar geen voorbereiding - deelnemers daag net op. Leerders wat in die verlede altyd beperkte tyd gehad het om toesprake te skryf en voor te berei kan nou ook deelneem.

Daar sal 'n **werkswinkel** gehou word op **Dinsdag 24 Januarie 2012** om 15:00 – 18:00 te Woodhill College. Tydens genoemde werkswinkel sal die volgende kwessies bespreek word, beoordelaars en belyning van beoordelaars, logistiek, administrasie asook inligting oor hoe die redenaars aangepak moet word vir beide individuele deelname en spanne. Tydens die werkswinkel sal daar ook verdere inligting deurgegee word. Dit is dus van uiterste belang dat al die betrokke skole, leerders asook beoordelaars die werkswinkel bywoon. Die werkswinkel word deur Gielie Hoffmann aangebied wie die firma aangestel het as koördineerder van die beoordelaars. Ervare sowel as jong opkomende beoordelaars sal verantwoordelik wees vir die beoordeling.

Leerders mag al drie dae deelneem maar word beperk tot een deelname per dag en kan dus **nie** op een dag aan beide spanne en individuele items deelneem **nie**. Weens beperkte plekke kan

Partners: Johann Van Huyssteen (BComm, BProc, LLB, LLM); Hesther Diemont (BComm, LLB);
Pieter Fouchè (BComm, LLB); Owen Kriek (LLB, LLM)
Professional Assistant: Inge van Graan (BComm, BComm (Hons), LLB)
Consultant: Morné Stevenson (BProc, LLM)
CSI & PR: Melanie Van Huyssteen

skole slegs een span en een individu per graad en per taal inskryf. Uitdunne sal dus by elke skool gehou moet word.

Ons heg aan 'n voolbeeld van die roosters vir individue en spanne en u sal merk dat daar slegs beperkte plek beskikbaar is. Soos hierbo gestel is daar plek vir slegs 25 spanne en 50 individue vir Afrikaans, Engels en tweetaligheid per graad. Ongelukkig sal ons nie meer mense kan akkommodeer nie en dit kan wees dat indien laat inskrywings ontvang word dit nie aanvaar sal word nie.

Die volgende inligting is by hierdie brief ingesluit:

1. Datums en Plek;
2. Onderwerpe en Temas;
3. Die gebruik van hulpmiddels;
4. Inskrywings.

Al die inligting met betrekking tot die volgende sal binnekort op ons webwerf verskyn www.vanhuyssteens.co.za

1. Reëls en Regulasies;
2. Inskrywingsvorm (ook hierby aangeheg);
3. Beoordelaarstaat Spreker;
4. Beoordelaarstaat Spanne;
5. Beoordelaarskriteria;
6. Riglyne oor hoe om voor te berei vir die dag:
   - 6.1 Hoe om navorsing te doen;
   - 6.2 Hoe om die beredenerende punte te verpak;
   - 6.3 Hoe om dit oor te dra.

Opvoeders word vriendelik versoek om die reëls sorgvuldig te bestudeer en ook aan leerders oor te dra. **Geliewe ook ons webadres deur te gee – www.vanhuyssteens.co.za**.ten einde leerders in staat te stel om behoorlik voor te berei.

Besonderhede van die Oratorsfees 2012

1. Datums en Plek

1.1. Die Oratorsfees 2012 word aangebied tussen **16 – 19 April 2012** te **Woodhill College** wie die hele skool vanjaar beskikbaar stel sodat leerders mekaar nie pla in voorbereiding en tydens toesprake nie.

- Maandag **16 April 2012 – Afrikaans**;
- Dinsdag, **17 April 2012 – Engels**;
- Woensdag, **18 April 2012 – Tweetalig**. Hier moet deelnemers balans tussen Afrikaans en Engels hou en ewe veel tyd aan die twee tale afstaan. In spanne kan of twee leerders dan Afrikaans en twee Engels praat en of 1 tot 4 sprekers gedeeltelik Afrikaans en gedeeltelik Engels, solank balans gehandhaaf word. Punte sal afgetrek word sou leerders nie balans tussen die twee tale hou nie.

Die eerste drie spanne en drie beste individue per graad en per taal (ook tweetalig) sal uitgenooi word om aan 'n finaal deel te neem. Hierdie plekke word aangewys die aand om 20:15 na deelname van elke dag en sal ook die volgende oggend op die firma se webwerf gepubliseer word. Alle punte voorheen toegeken word geskrap en ding leerders mee vir 'n eerste tot derde plek.

1.2. **Gala Aand**

Die finaal is in die vorm van 'n gala geleentheid (by Woodhill) **Donderdag 19 April 2012.** Tye van deelname word mettertyd deurgegee. Na deelname die middag/aand en tydens die gala geleentheid vind die prysuitdeling plaas.

1.3. **Tye**

- Die kompetisie begin gedurende die tyd om 14:00 en daar sal gepoog word om nie later as 20:30 af te sluit nie.
- Leerders moet reeds by Woodhill College wees 1.5 uur voor deelname.
- **NB** - Leerders sal die onderwerpe ontvang soos per die aangehegte rooster.
- **Spanne** mag nie korter as **8 min praat en nie langer as 11 min**. Sou hulle oor die tyd gaan sal hulle bloot gestop word.
- **Individue** mag nie korter as **3 min praat en nie langer as 5 min**. Sou hulle oor die tyd gaan sal hulle bloot gestop word.

NOTA: Sou toesprake die volle tyd duur het boordeelaars slegs 1 min voor die volgende optrede om die punt te finaliseer en het hulle nie 'n keuse om die tyd streng af te dwing nie.

1.4. **Voorbereidingstyd**

- **1 uur** vir spanne; en
- **30 min** vir individue.

Let daarop - Sou 'n leerder wie 'n onderwerp ontvang het (by die saal van Woodhill College) meer as 1 min laat by die klas opdaag waar die toespraak plaasvind, sal die leerder gediskwalifiseer word. Dit is raadsaam om die klaskamer op te spoor selfs voor die onderwerp gekies word. So spaar leerders tyd vir voorbereiding.

2. Onderwerpe/Temas

Aangesien die oratorsfees in 2012 slegs onvoorbereid is sal die onderwerpe in 'n hoed geplaas word. Deelnemers trek twee onderwerpe, kies een en plaas die ander binne 1 min terug in die hoed. Die onderwerpe sal as volg wees:

1. Filosofies;
2. Hedendaagse of onlangse nuuswaardigheid of interressantheid;
3. Nuus van die dag.

3. Gebruik van Hulpmiddels

Aangesien die Oratorsfees slegs onvoorbereid is, kan die leerders bronne en hulpmiddels na eie keuse gebruik. Alle hulpmiddels is toelaatbaar wat insluit boeke , koerante, Ipad's, Blackberry, Laptop's met Internet toegang ens. Woodhill College sal hul rekenaarsentrum beskikbaar stel maar is eie hulpmiddels altyd beter.

Geen persoonlike bystand van ouers en/of opvoeders en/of ander leerders sal toegelaat word nie. Nieteenstaande voormelde, sal Graad 8 leerders (individueel en spanne) een senior leerder van hul skool kan nomineer om bystand aan hulle te verleen. Die inligting van hierdie senior leerder moet tesame met die inskrywing van die Graad 8 leerder/s aan ons deurgegee word.

Let daarop dat studente bloot mag praat en word geen elektroniese of derglike aanbiedinge toegelaat nie.

Enige span of individu wat die reëls soos hier genoem verbreek sal gediskwalifiseer word.

4. Inskrywings

4.1. Openingsdatum vir inskrywings

Vrydag, 4 November 2011.

4.2. Sluitingsdatum vir alle inskrywings

Vrydag, 23 Maart 2012.

Ten einde te rekonsilieer moet afskrifte van alle inskrywingsvorms en bewys van betaling gestuur word aan Melanie by - Van Huyssteens Kommersiële Prokureurs: melanie@vanhuyssteens.co.za of faks: 086 615 1183.

4.3. Betaling

Inskrywingsgeld kan per tjek of elektronies betaal word.

Betaling geskied tegelykertyd wanneer die bespreking gedoen word en kan die deelnemers ook 'n breë spektrum van hulle tyd van deelname kies. Dit sal werk op die basis van eerste na die wenpaal. Leerders wie se inskrywing **"SAAM MET BETALING"** ontvang word het voorkeur om te kies watter tyd van die dag deelname sal plaasvind. Hierdie tyd moet aangedui word middag of aand. Dit word glad nie gewaarborg dat hierdie tyd beskikbaar is nie.

Nota - Hoe later inskrywings en betaling ontvang word, hoe minder die kans dat leerders hul voorkeur tyd of vir daardie rede enigsins plek kry.

- **Tjeks**

  Moet uitgemaak word aan Van Huyssteens Kommersiële Prokureurs en gekruis word met die bewoording "Nie verhandelbaar nie". Stuur slegs een tjek vir al die inskrywings per skool.

- **Elektroniese betaling**

  Inskrywingsgeld kan direk in die Trustrekening van die firma inbetaal word:

  - Naam: Van Huyssteens Kommersiële Prokureurs
  - Rekeningnommer: 62189804646
  - Bank: FNB
  - Tak: Lynnwood; 252 045
  - Leer Verwysing: VC0474

  Geliewe daarop te let dat **geen gelde terugbetaalbaar** is sou daar kansellasies wees.

4.4. **Inskrywingsgeld**

- Spanne: R200 per span.
- Individu: R100 per spreker.

4.5. **Inskrywingsgeld en programme**

- Let asseblief daarop dat 'n skool slegs op die program ingesluit word indien alle inskrywingsgeld betaal is.
- Korrespondensie sal per e-pos geskied. Maak asseblief seker dat u e-pos adres korrek is.

Ter inligting wil ons alle skole in kennis stel dat op **19 Maart 2012** ons in dieselfde formaat soos uiteengesit in hierdie skrywe, 'n onvoorbereide redenaarskompetisie sal hou vir Graad 11 Afrikaanse leerders te **Hoërskool Waterkloof**. Die kompetisie sal om 18:00 in die ouditorium van Hoërskool Waterkloof in aanvang neem. Ons sien hierdie as 'n proefloop en sal verdere besonderhede in die nuwe jaar verskaf.

Ons sien uit na u skool se deelname aan die **VAN HUYSSTEENS ORATORSFEES 2012**.

Groete,

VAN HUYSSTEENS

PER: JOHANN VAN HUYSSTEEN

/Bylae